# 8 November 2023 - Lesing 170 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Onselfsugtige verspreiding van die Woord – 28/10/60

**NO: 7734** As julle julleself wil wy aan die verspreiding van My woord, dan mag slegs die liefde tot My en julle naaste die beweegrede wees wat julle daartoe beweeg. Julle moet dan die opdrag vervul wat Ek aan julle toevertrou het, **julle moet probeer om die geestelike nood van julle medemens te verlig**, wat My aanleiding kan gee **om julle met genadegawes te oorlaai,** sodat julle dit kan uitdeel daar waar Ek nie Self in aksie kan kom nie.

Dit moet dus steeds die liefde wees wat julle beweeg om vir My en My ryk te wil werk, dan sal die sukses ook nie wegbly nie, **omdat die liefde 'n krag is** wat nooit sonder uitwerking sal bly nie.

Weliswaar sal julle vanweë die geestelike arbeid wat julle verrig uitgelag word deur julle medemens wat geen geloof het nie, want vir hulle is dit onbegryplik dat iemand werk kan doen wat aan Hom geen materiële voordeel oplewer nie. Maar daaraan mag julle julleself nie steur nie, want hoe onselfsugtiger julle vir My werk, des te sekerder kan julle van My seën wees wat op elke onbaatsugtige werk sal rus wat in My wingerd verrig word. Dan het julle ook die waarde van My genadegawe verstaan, **wanneer julle vir julle siel as 'n geestelike rykdom ook 'n geestelike voordeel kan oplewer.**

Dan eers is julle bruikbare knegte vir My, as julle My nie vir eie voordeel dien nie, wanneer julle slegs My voordeel wil vermeerder, **wat bestaan uit die wen van siele vir die Hemelryk.**

Eenmaal moet julle ook julle liggaam aflê en julle sal geen aardse besittings kan saamneem na My ryk nie. Maar julle kan ryklik geseënd na My terugkeer, **omdat die verwerfde geestelike goedere julle sekerlik sal volg in die ewigheid in.**

Dit is besittings wat nie deur hulle geag word wat die doel van die aardse lewe nie verstaan nie. Diesulkes het op aarde slegs aardse goedere verwerf en daarvoor die loon reeds ontvang wat hulle toekom vir hulle dade en lewenswandel. Maar hulle sal weinig hê om te laat sien by die "poort van die ewigheid", omdat hulle geen waarde geheg het aan geestelike goedere nie.

Maar vir julle wat werksaam is vir My en My ryk, julle mag geen ag slaan op aardse gewin nie en slegs die liefde moet aanleiding gee tot julle arbeid. Julle moet om julle heenkyk en die geestelike nood opmerk waarin die mensdom verkeer. Julle moet wil help omdat julle kan insien hoe die mensdom die afgrond tegemoet gaan, julle moet onverpoos werk, omdat sulke werk nodig is met die oog op die naderende einde.

Dan sal dit vir julle duidelik word **waarom julle deur My van die wêreld afgesonder en teruggetrek was**, wat julle blik maar net van julle opdrag sou aflei wat julle moet vervul.

Julle sal dan ook begryp dat Ek steeds opnuut getroue knegte wil werf wie aan hierdie arbeid wil deelneem **en aan hulle medemens die evangelie van die liefde wil verkondig**. Want die mense moet My Woord hoor wat Ek steeds weer aan hulle deur julle laat verkondig. Julle sal verstaan dat Ek aan alle deure "aanklop", dat Ek julle **vooruitstuur** om My, julle God en Vader, aan te kondig. Want Ek wil Self kom en by alle mense My intrek neem.

Self kan hulle My nog nie hoor nie, daarom moet julle vooruitgaan sodat Ek hulle via julle kan aanspreek. **Dit is nodig dat hulle van My kennis neem, van My Liefde, Wie hulle nog wil red vóór die einde kom.**

Daarom moet alles gedoen word om hulle te laat kennis neem **dat Ek deur My Gees werk in die hart van elke mens wat van goeie wil is**. Julle moet derhalwe onbaatsugtig en liefdevol **oor My en My openbaringe** praat, julle moet aan hulle My woord bring wat geseënd is met My Krag. Julle mag nie moeg word om die geestelike nood van julle medemens vir julle aan te trek nie, terwyl julle daartoe bydra dat My woord versprei word.

Ek sal Self die soekende mense na julle toe bring en julle die geleentheid gee om met hulle in kontak te kom **en alle arbeid wat julle dan onbaatsugtig doen vir My en My ryk, sal Ek seën**. Amein.